DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief
van die
BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Posbus 340, Fontainebleau 2032
Tel/Faks : 011 793 7271 • Sel : 082 921 0344
Web bl : *www.users.lantic.net/jverm*

JAARGANG 6 : 2006/2 **SEPTEMBER 2005**

A. JOHANNES PETRUS HENDRICUS VERMEULEN : J1807

A1. LEWENSSKETS

Johannes was algemeen bekend as oupa Jan. Hy is op 1832-05-31gebore te Awila, Gansbaai. Hy tree op 1854-03-27 te Napier in die huwelik met Elizabeth Magdalena Franken, gebore te Paapjesvlei op 1836-01-17. Elizabeth was algemeen bekend as ouma Betta.

Oupa Jan en ouma Betta boer eers op Wageboomsrivier, Napier/Bredasdorp. Hulle verhuis later na Stanford waar oupa Jan sendingwerk doen. Sy beroep word aangedui as "Boeren Sendeling".

Ouma Betta word Stanford se vroedvrou en het sy baie babas gehelp om die eerste lewenslig te sien.Wat interessant is, is dat ouma Betta as vroedvrou opgevolg word deur haar skoondogter, Aletta Johanna Henney(Heyne), bekend as ouma Let.

Oupa Jan en ouma Betta het nege kinders gehad. In hulle laaste jare woon hulle in by hul jongste kind Elias Jacobus -J 225- te Kerkstraat, Stanford. Ouma Betta sterf op 1922-12-05 in dié huis na 'n siekbed van 3 jaar en 4 maande. Oupa Jan sterf op 1923-05-24 ook in die huis na 'n siekbed van ses maande. Beide is te Stanford begrawe. Volgens familielede naby die spruit/vlei. Die presiese ligging kan nie bepaal word nie omdat daar nie 'n grafsteen opgerig is nie.

Oupa Jan is die stamvader van al die Vermeulens afkomstig van Stanford, Gansbaai en omgewing.

Verskeie van oupa Jan se afstammelinge is lede/vriende van die Bond.

A2. OUPA JAN EN DIE DRENKELING

Die volgende storie verskyn in Spore oor die Overberg, deur S.J. Du Toit.

'Die see was onstuimig. Die wind was sterk. 'n Sekelmaan het net genoeg skynsel gegee om die fosfor op die branders te laat skyn. (Joey Croeser, nèe Franken, Stanford boorling vertel die storie).

My oupagrootjie, oupa Jan Vermeulen was by die klipgat om soos gebruiklik 'n paar galjoene te gaan vang. Diep in die gat het die kole gegloei met 'n vissie daarop. Na hy geëet en 'n paar koppies koffie gedrink het, het hy huisgodsdiens gehou en toe 'n bietjie sand oor die kole gestrooi. Daarna het hy hom lekker warm in sy kombers toegewikkel om 'n rukkie te slaap.

Skielik word hy wakker van 'n geroep van die baaitjie se kant. Hy luister, ja, daar's dit weer: 'Help, help!" Hy gooi die kombers neer en hardloop om te gaan kyk. Hy sien dat daar iets is wat in die donkerte spartel. Met dié dat die fosforbrandertjie breek, sien hy dit is 'n mens. Gou is hy by die water en gryp die man aan sy klere en trek hom uit.

Die arme drenkeling was so verbouereerd, maar te moeg om weerstand te bied. Oupa Jan sleep hom tot op die sand, maar kan nie verstaan wat die man sê nie. Oupa kon nie engels of enige ander taal praat nie. Al wat hy toe kon doen was om die kêrel te rol om van die meeste water ontslae te raak. Die arme man beduie aanhoudend na die water. Dit sou later blyk dat sy maat nie kon oorleef nie. Hy het uitgespoel en Oupa het hom 'n waardige begrafnis gegee- daar in die sandkop. Met 'n groot gesukkel het Oupa die oorlewende man weggekry van die water tot in die grot.

Die man was baie bang vir die bebaarde mens en wou weet of hy 'n "caveman' is, maar nadat Oupa hom langs die kole neergelê en droeë klere gegee het, was die ou darem meer gerus. Oupa het sy hande gevrywe en die vuurtjie aangeblaas. Toe het hy vir die drenkeling 'n warm koppie koffie gegee en 'n stukkie vis wat nog eenkant op die kole gelê het. Oupa het hom in sy kombers toegewikkel en gou was hy vas aan die slaap.

Vroeg die volgende more het die nag se storm bedaar. Oupa het gou 'n lyn gaan natmaak en 'n groot galjoen uitgetrek. Dié is toe op die kole gebraai en smaaklik geëet. Na nog 'n dag se rus is oupa en sy nuwe vriend die kranse uit, by Duiwelsgat verby, na Kommetjies waar die perd gekniehalter vir hulle gewag het.

Die Engelsman , soos dit later geblyk het, word op die perd gelaai en toe gaan die tog deur die duinesand.

Bo-op die rand stop hulle eers, maak 'n vuurtjie en braai vis. Oupa beduie vir die man hy kan die skilpadbessies eet vir water. Op Stanford aangekom, neem Oupa hom toe na die Moore-familie wat goed Engels kon praat. Die Moores het hom daarvandaan gehelp om na die Kaap te gaan en vandaar na Brittanje. Soos belowe kom daar toe 'n brief uit Engeland met 'n

beloning vir Oupa se reddingsdaad. Ongelukkig was die beloning toe nie meer in die koevert nie'.

Joey is 'n kind van J2171. Oupa Jan was dus haar oupagrootjie.
Joey is reeds 92 jaar oud. Sy is te Stanford gebore en het daar grootgeword. Sy was so 9/10 jaar oud toe ouma Betta en oupa Jan oorlede is. Sy onthou hul nog goed.

A3. HAVILA EN DIE EERSTE VERMEULENS

Die volgende artikel verskyn in Spore oor die Overberg, deur S.J. Du Toit.

"Is die naam Havila of Awila of Gawila?.. Havila is 'n Bybelse naam, wat in sommige vertalings as 'Gawila' aangedui word. Genesis twee vers tien sê: 'Havila, die land waar goud is'. Daar is blykbaar ook so 'n Khoikhoi woord wat suurfrank beteken, miskien suurvy. Die ou Hollanders het gepraat van Hagedisberg vir Akkedisberg, so Havila kon maklik Awila geword het. Jan (Pyp) Fourie beaam dat Havila en Awila dieselfde plek is, en voeg by dat die ou plaas oor die jare baie versnipper is.

Die belangstelling in 'Awila" is aangewakker deur Johan Vermeulen in die verre Transvaal. Hy is ook 'n oud-Stanforder en werk aan die samestelling van die Vermeulen-genealogie vir Suid-Afrika. Een van sy voorsate, die eerste een wat in die Overberg ingetrek het, was Christoffel (Christoff) Johannes Vermeulen wat in 1785 die weidingspermit ontvang het vir Havila, geleë tussen Uylenkraal en Hagelkraal (Pearly Beach) in die Bredasdorp distrik. Havila was grond 'verlaten deur Jacobus Fourie, Jacob zoon.' Die eerste vryburgers aan wie die plaas uitgegee was, is Paul Hartogh en Abraham Matthee. Dit is interessant om te lees dat Christoff Vermeulen die stamvader was van al die Overberg se Vermeulens. Christoff se seun, Hendrik Johannes, het na hom op Havila geboer. Hy is getroud met Anna Susanna Matthee en hulle het tien kinders gehad. Na haar dood trou hy weer met Jacoba Willemse en 'n verder vier kinders word vir Hendrik gebore. 'n Groot aantal kinders is op Havila gebore. Hulle nageslag het later jare oral deur die Overberg verstrooid geraak.

Die stamvader van die Stanford Vermeulens , Johannes Petrus Hendricus, oupa Jan, is een van Hendrik Johannes en Anna Vermeulen se seuns en is op Havila gebore. Baie van sy afstammelinge het op Stanford gewoon waarvan sommige bouers was. Van hulle was oupa Jan se seun oom Hendrik en dié se seun Hendrik en sy seun George , wat 'n meesterbouer op Hermanus was. So ook John Vermeulen, 'n agter kleinseun van oupa Jan, wat ook 'n boukontrakteur op Hermanus was en later op Stanford geboer het. Sy seuns Johan (Johnie) en Izak is besig om die Vermeulen geslagsregister saam te stel.

Hendrik (Snoekies) Groenewald, wat in Beebos woon, het op Havila grootgeword. Snoekies het onder andere vir my 'n Havila-spookstorie vertel. Hy het in die 1940's op een deel van Havila , wat hulle Wolfshuis genoem het, grootgeword. Jare later kom hy eendag op die verlate Havila en sien dat rook uit die skoorsteen trek. Hy gaan kyk toe of daar mense ingetrek het, en in die leë kombuis brand daar 'n groot vuur in die vuurherd. Toe hy nader gaan, sien hy bloed in die vlamme. Hy draai in sy spore om, terwyl sy hare behoorlik rys.

Toe hy buite kom was die vuur dood en geen rook te sien nie. Hy verneem toe van 'n vroutjie wat in die outyd grusaam daar vermoor is, en dat haar spook daar rondloop.

Volgens Snoekies was Havila meesal vir 'n weidingsplaas gebruik. In die onlangse jare het dit aan Andries De Villers van Nuwedam behoort. Hy het sy vee na Havila geneem vir wisselweiding. Een deel van die plaas is vandag bekend as Heidehof, die toerismeplaas van Walter en Mathia Schwegler. Sy doen ook intensief navorsing oor medisinale plante van die Overberg, en het onlangs 'n boek oor die onderwerp gepubliseer. Een van die vorige eienaars van Heidehof was 'n bekende slagter op Gansbaai, meneer Stehle. Hy het 'n rietdakhuis daar gebou wat op die stadium erg beskadig is.

Hoe dit ookal sy, die hele verhaal van Havila behoort heelwat bewoë en interessante materiaal te hê, maar die vertellers is nie meer met ons nie'.

Volgens die aktekantoor, Kaapstad is die plaas se naam Awila. Oupa Jan -A- is daar gebore.

U kan verder lees oor Awila in die geslagsregister van die Vermeulen- familie in Suider-Afrika -verwys J16 op bladsy 19.

A4. EERWAARDE P.A. VERMEULEN : J 2185

Eerwaarde Petrus Arnoldus was 'n kleinkind van oupa Jan -A .

Die volgende artikel verskyn in N.G. Gemeente Napier: Gedenkboek 1848-1998.

"Eerwaarde Vermeulen is op 28 Julie 1928 as eerste leraar van die NG Sendinggemeente van Napier bevestig. Hy was tydens sy bediening te Napier verantwoordelik vir die oprigting van talle geboue. Kerkies te Doornkraal (1930), Matjieskloof (1933) en Bruinklip (1935) is deur sy ywer opgerig. Die pastorie van Napier waarvan eerw Vermeulen argitek, timmerman en messelaar was, is vir die bedrag van £1 025 opgerig en op 23 Maart 1935 ingewy. Dit was 'n belangrike gebeurtenis.

Mev Nepgen het, in die teenwoordigheid van ruim 800 mense, die deur van die nuwe pastorie oopgesluit en selfs die blaasorkes van Bredasdorp het by die geleentheid opgetree. Met al die bouprojekte het Eerw Vermeulen en die Sendinggemeente die morele en finansiële steun van die Moedergemeente geniet, soos ook blyk uit die historiese kansel van die eerste kerkgebou van die Moedergemeente, wat die kerkraad op 10 Februarie 1932 aan die Sendinggemeente geskenk het.

Eerw Vermeulen wat vir meer as 17 jaar leraar van die Sendinggemeente was, was baie bemind en het ook op die koshuiskomitee en die dorpsbestuur gedien".

A5. GEORGE FAIRBAIRN CARSE VERMEULEN: -J1963

George is 'n agter-kleinkind van oupa Jan -A-.

Die volgende artikel verskyn in Hermanus Stories deur S.J. Du Toit.

"Vyftig jaar gelede het die meeste van Hermanus se mense hoofsaaklik van visvang en bouery geleef. Met die stadig kwynende visbevolking in Walkerbaai, was dit meestal op die groot dekskuite waar vissermanne werk gekry en kos op die tafel voorsien het. Die perlemoenbedryf het teen daardie tyd ook stadigaan begin groei. Die dorp het aanhoudend uitgebrei en daarmee tesame ook die boubedryf. Daar was in daardie dae nog nie so baie boukontrakteurs nie. Die vernaamstes was Jack Moore, die Sherriffs, Henn, Groenewald, Elliot en George Vermeulen. George het vinnig opgang gemaak en 'n boumeestersdiploma verwerf. Vir 'n lang tyd was hy die enigste meesterbouer op Hermanus. Talle huise getuig vandag nog van sy vernuf.

George Fairbairn Carse Vermeulen is in 1926 op Stanford gebore. Hy het tot st. 8 daar skoolgegaan. Daarna is hy na Paarl Boys High waar hy in 1945 matriek geslaag het. Terwyl hy nog op Stanford in die skool was, het hy een Saterdag sewe drieë vir die dorpspan teen Gansbaai gedruk. Daardie prestasie het vir hom die pad gebaan na die Paarlse skool waar hy gereeld vir die eerste rugbyspan gespeel het. George was op skool ook 'n kranige tennisspeler en het na skool ook nog gereeld vir die dorp gespeel.

Beide sy oupa en pa was bouers en hy het na matriek besluit om in hulle voetspore te volg. Hy het as't ware gevoel dat bouery in sy bloed is. Om al die kundigheid van bouery te leer het George vir drie jaar vir sy pa, Hendrik Vermeulen gewerk vir £2 per week. Hendrik was bekend as een van die beste bouers in die kontrei. Op Stanford staan vandag nog talle Victoriaanse huise wat hy gebou het. Die gesin het in Queen Victoriastraat gewoon. In 'n huis wat hy self gebou het. Die toerismeburo en biblioteek van Stanford word vandag in die ou Vermeulen huis gehuisves.

Na vakleerlingskap onder sy pa , het George sy eie bouery begin. Hy kon elke afdeling van die bouery self doen-loodgietery, dekwerk, pleister en messel. Sy pa het hom £50 gegee om mee te begin. Sy eerste huis in Stanford was vir 'n onderwyser, mnr Verster. Die huis het £300 gekos en was binne ses weke klaar. George het dit met net twee handlangers gebou en die projek het heelwat opspraak verwek. Niemand het in daardie dae kon droom dat jy 'n huis in ses weke kon bou nie.

Sy eerste huis op Hermanus was vir 'n mnr Vlok by die sirkel. Kort voor lank toe bou George ses huise op 'n slag. Sy opposisie was Jack Moore, Sherriff en Elliot. George se eerste blyplek was by Jose Moore in Voëlklip - 'n familielid, maar na 'n paar jaar het hy by die Birkenhead Hotel gaan woon waar hy tien jaar gebly het totdat hy sy eie huis bekom het. (Die Birkenhead Hotel is in 1951/52 deur George se neef, John Moore Vermeulen -J1852- , gebou).

George koop later die ou pienk huis in Westcliff. Dit was in daardie dae die enigste huis in

die omgewing. Saam met die verblyf in die pienk huis het huwelikksklokke begin lui. Toe hy by die Minnaar woning gaan kuier, het die ma gedink George kom kuier vir haar, maar die groot aantrekkingskrag was die dogter, Pam wat agtien jaar jonger as hy was. Hy en Pam het uit die pienk huis getrou en vier kinders is uit die huwelik gebore -Ingrid, Karin, Stephen en Craig. Met die geboorte van die kinders het hy 'n blou of pienk vlag, na gelang van die geslag, by die voorhek laat wapper.

Die pienk huis, wat vir 'n alleenloper gebou is, was baie klein en George het die huis aansienlik vergroot. Die mooi, groot rietdakhuis, naby die nuwe hawe, is vandag die bekende Whale Rock Gastehuis. George het graag alles op groot skaal aangepak en was lief om oor sy prestasies te spog.

George se bouery het geweldig uitgebrei en hy het ver buite die grense van Hermanus kontrakte aangeneem. Hy het altyd probeer om so veel as moontlik mense in die werk te hou. Elke Maandagoggend het ses van sy lorries na ander plekke vertrek waar hy 'n verskeidenheid van kontrakte aan die gang gehad het. By Saldanhabaai het hy 'n fabriek gebou. In Wellington het hy die oudste huis se gewels reggemaak. Hy het ook op Stellenbosch, Mosselbaai en Bredasdorp gebou. Dit was toe bouwerk op Hermanus min was en hy die bouers van die dorp wou help. Daardie jaar is net twee huise se planne op Hermanus goedgekeur.
George stig toe 'n maatskappy en 'n bestuurder, mnr Harden van Rhodesië, neem die leisels oor. Hulle kantoor was in die Balkongebou. George kon toe meer aandag gee aan dorpsontwikkeling waarmee hy reeds 'n paar jaar besig was. Saam met Model Homes het hy by Struisbaai 'n groot aantal erwe ontwikkel. Hy koop ook grond by Pearly Beach, maar voor hy dit ontwikkel, verkoop hy dit aan 'n man van die Paarl.

George ontwikkel ook eiendomme saam met mnr Tucker by Franskraal. Daarna volg Sandbaai en Wortelgat aan die strandmeer. 'n Deel van laasgenoemde is aan Anglo American General Mining verkoop.

Saam met Sanlam en Tuckers (Tuckers Land Holdings) het George 'n ontwikkeling by Durbanville aangepak. Die Sonstraal dorpsgebied is daar ontwikkel. George het blykbaar vir niks gestuit nie, en terwyl sy bouery steeds aangaan, beland hy weer in 'n splinternuwe bedryf.

George se argitek was mnr Roytovsky van Kaapstad. In die dae toe hy nog op groot maat gebou het, koop hy Hermanus Brickfields van die Kirstens in die Paarl. Hy het die masjiene weer verkoop, want dit was te groot om dit in Hermanus te bedryf. Dit het 40 000 stene per dag gemaak terwyl daar nie naastenby soveel stene op Hermanus gebruik is nie. Intussen het Hermanus Construction voortgegaan om te bou. Toe 23 huise by Kwaaiwater afbrand, het George 17 vir £12 000 gekoop. Hy koop ook die ou Riviera Hotel met die doel om dit in 'n hospitaal te verander.

Op een stadium het Sea Breeze Motors aan George behoort en hy het 'n vloot van 350 voertuie in sy besighede besit. Hy koop ook Hennie Vermeulen, -J2265- se twee slaghuise en al die ander slaghuise in die dorp buiten dié van Pietie van Blommenstein.

In die Hemel-en Aardevallei koop hy die plaas Melsetter waar hy met beeste en pluimvee boer. Op die plaas was 75 000 hoenders in die batterystelsel en verder was daar 15 000 eende, 10 000 wit kalkoene en 400 koeie. George word die eerste melkleweransier wat melk in plastiesesakkies in die dorp lewer. Mooisig en Bishop was destyds die ander melkleweransiers. Die plaas bedrywighede het net vyf jaar gehou en George moes teen 'n verlies verkoop.

George het voorwaar sy vingers in vele bedrywighede gehad maar die een wat uiteindelik sy ondergang beteken het, was bamboes. Hy het besef dat daar goeie moontlikhede in die verpakking en bewerking van bamboes was.
Hy verkry toe die bamboeskonsessie van Pearly Beach tot aan die Weskus by Oranjemund. "n Bamboesfabriek is as loodsprojek in Kaapstad gebou, en na deeglike navorsing het hulle begin om die Ecklo pille te maak. Talle mense het geskryf om te getuig hoedat die pille hulle artritis verbeter het. Seewier is ook verpak en in groot maat na die Ooste uitgevoer. Drie duisend mense het in die bamboesbedryf gewerk.

George kry toe goedkeuring om 'n fabriek in Gansbaai te bou. Terselfdertyd is hy onder die indruk gelaat dat hy nie weer vir die konsessie hoef te tender nie. Iemand anders kry toe die konsessie en George maak 'n saak daarteen aanhangig. Die saak was lank en duur en het George al sy bates gekos. Na die saak wat hom feitlik finansieel verwoes het, het hy self aan die kortste end getrek en kon nooit weer daardie vroeë dae van voorspoed herwin nie.

George Vermeulen het talle monumente wat vandag nog in Hermanus staan. Buiten die talle woonhuise het hy ook die golfbaan en die vliegveld gebou.

Hy het agt spaanse huise gebou en gemeubileerd verkoop teen £15 000 stuk. Hy het die biblioteek in Haweweg gebou. Vir die NG Kerk het hy die voorportaal, die preekstoel en gallery gebou, en in Sandbaai die rioolpyp tot in die see. Hy het ook die kerksaal op Stanford gebou.

Vir 'n groot deel van sy lewe was George die gans wat die goue eiers lê. Baie het by hom om geldelike hulp aangeklop. Hy het groot bydraes aan die kerk gemaak en nooit vir die versoeke van instansies in die dorp nee gesê nie.

Hy het talle bruinmense se begrafnisse betaal. Hy was ook erelid van die Junior Kaapse Sakekamer.

Sedert 1997 woon George in die Communicare aftree-oord, Huis McMillian. Hy en Pam is geskei en twee van sy kinders woon in Hermanus.

Die ou Hermanus inwoners het nog nie vergeet hoe die 'golden boy' van Hermanus met bouwerk kon toor nie en hoe hy die een ontwikkelingsprojek na die ander met groot sukses van stapel kon stuur. Die meesterbouer van Hermanus sal nog lank onthou word".

B. LIDMAATSKAPAANGELEENTHEDE

B1. LEDE

Sedert ons vorige nuusbrief, is ses verdere aansoeke om lidmaatskap ontvang. Al die aansoekers is as lede toegelaat. Ons wil u hartlik welkom heet as lede van die Bond. Die Meulenaar vertrou dat ons verbintenis tot wedersydse voordeel sal wees.

B1.1 Afstammelinge van Dirk (Corneliszoon):

Naam:	*Adres:*	*Tel.:*
1 Mattheus Johannes Vermeulen	Robbenweg 6 Melkbosstrand 7441	021 553 1885
9 Pieter Hendrik Vermeulen	Posbus 40956 Morelettapark 0044	012 997 0518
3 Hendrik Tjaart Vermeulen	Posbus 22096 Glenashley 4022	031 572 3001
17 Willem Vermeulen	Posbus 6806 Flamwood 2572	084 464 3813

B1.2 Afstammelinge van Jan (Willemzoon)

Naam:	*Adres:*	*Tel.:*
6 Marthinus Willem Vermeulen	Hakeasingel 12 S E 3 Vanderbijlpark 1900	
19 Christoffel Johannes Vermeulen	Posbus 3 Parys 9585	056 817 6440

B2. ALGEMENE LEDEVERGADERING

Die **vyfde** algemene ledevergadering is gehou op 2005-06-18 te Klerksdorp. (Hierdie mylpaal het feitlik ongesiens verbygegaan). Die vergadering is bygewoon deur 23 persone, waarvan 13 lede is. 'n Verdere 24 lede was verteenwoordig by wyse van volmagte.

Die volgende aangeleenthede is bespreek en besluite geneem:

B2.1 Vergadering se dank en waardering is oorgedra aan die samestellers van die geslagsregister, veral vir hul vasberadenheid om die waardevolle register te publiseer.

B2.2 Die ere-lede se dank word oorgedra aan Michael Johannes (Mike) Vermeulen -D7082- wie 'n kopie van die geslagsregister aan elke ere-lid geskenk het.

B2.3 Vergadering neem kennis dat 25 lede en 4 vriende nie hul lidmaatskap hernu het nie. Huidig het ons dus 115 lede en 5 vriende. Die bestuur beplan om saam met die Maart 2006 uitgawe van die Meulenaar, 'n volledige lede/vriende lys te publiseer.

B2.4 DIE BESTUUR VIR 2005/2006

Die dienende bestuur is weer genomineer. Geen verdere nominasies is ontvang nie. Die bestuur vir 2004/5 is dan ook onveranderd verkies tot die volgende algemene vergadering in 2006. Die bestuur is:

B2.4.1 Izak Stefanus Vermeulen (Izak)
Rooibokweg 14, Robinhills, Randburg. 2194
Tel.: 011-793 7271 * Sel: 082-921-0344

B2.4.2 Anna Susanna Fourie, gebore Vermeulen (Anna)
Moutonstraat 16, Carnarvon. 8925
Tel.: 053-382 3425 * Sel: 084 553 9366

B2.4.3 Johannes Vermeulen (Johan)
Robbenweg 6, Melkbosstrand. 7441
Tel.: 021-553 1885

B2.4.4 Johannes Petrus Vermeulen (Johan)
Hobsonstraat 1, La Hoff, Klerksdorp. 2571
Tel.: 018-468 1473 * Sel: 083 627 0573

Johannes Petrus (Johan) -B2.4.4- is ook herkies as voorsitter. Lede word aangemoedig om met enige van ons bestuurslede of ons kantoor te skakel oor enige lede- of ander aangeleentheid.

B2.5 Vergadering neem met dank kennis dat Leon - D1326 en Lid D52- 'n bedrag van R500-00 geskenk het met die opdrag dat dit aangewend word vir verversings tydens en na die vergadering. Ons dank aan Leon en Lorna.

B3. GESLAGSREGISTER

Die register word steeds opdateer. Oor 'n periode, sal die opgedateerde register in die vorm van 'n CD beskikbaar gestel word as die lede so sou besluit.

C. LIEF EN LEED

C1. STERFTES

C1.1 Dirk Johannes Vermeulen -D3106- en -Lid D5- is oorlede op 2005-04-17. Ons meegevoel gaan na die gesin en familie van die oorledene.

C2. GEBOORTES

C2.1 Charmain Booyens, (Gebore Vermeulen)-lid J4-en getroud met Jan Nicolaas Petrus (Nico) Booyens, skenk op 2005-06-24 geboorte aan 'n dogter Nicole. Charmain is die dogter van Izak - Lid J12- en suster van Michelle -Lid J16- en Tania -Lid J17-.

C2.2 Vir André -D4224- en Henriette word teNederland'n dogter, nl Adia Famke, gebore op 2005-05-02. André is die kind van Coenraad Dirk (Coenie) en Elizabeth Rosemarie (Rose) -D4223 en -Lid D45-.

C3. HUWELIKKE

C3.1 Johannes Petrus (Jan) -J2162- en -Lid J13- tee op 2005-05-14 te Gansbaai in die huwelik met Anna Hermina (Ans) Botha.

C3.2 Liezl -D1328- en -Lid D54-, tree op 2005-03-19 te Mabula Lodge in die huwelik met Timothy Paul Hermolle.

C4. HUWELIKSHERDENINGS

C4.1 Leon -D1326- en -Lid D52- en Lorna -D1326- en -Lid D55- vier op 2005-05-29 hul 40ste huweliksjaar saam.

C4.2 Michael Johannes (Mike) -D 7082- en -Lid D28- en Elizabeth Johanna (Duifie) vier op 2005-10-01 hul 50ste huweliksjaar saam.

C5.PRESTASIES

C5.1 Petrus Johannes -J1174- is 'n kranige rugbyspeler. In 2005 verteenwoordig hy:

- Griekwaland- Wes by die onder 18 Coca-Cola Craven week en wel as buitesenter en kaptein.
- Na afloop van die Craven week, word hy gekies as 'n lid van die S.A. skolespan.
- Suid-Afrika as lid van die Baba Bokkies se span wat deelneem aan die Internasionale Rugbyraad se Wêreldtoernooi vir onder 19-spanne. Die Baba Bokkies klop die Baby Blacks (Nieu-Seeland) in die eindstryd met Petrus wat die enigste drie vir Suid-Afrika druk.

Ons gelukwensing aan alle betrokkenis in C2 - C5.

D. HET U GEWEET?

D1. Wat die naam Adia Famke -C2.2- beteken?
• Adia Geskenk (gawe) van God. • Famke Klein meisietjie.

D2. Wie die rekord hou vir die langste huwelik?
Volgens die Guinness World Records was Percy (105) en Florence (100) Arrowsmith 80 jaar getroud. Hulle hou ook die rekord omdat hul gesamentlike ouderdom die hoogste ter wêreld was. Percy is intussen oorlede.

D3. Dat daar uit die Vermeulens en aangetroudes 'n gedugte rugbyspan saamgestel kan word?
Die volgende span sou goed van homself kon rekenskap gee:

Posisie: *Naam:*	*Blootstelling:*
15. John William Vermeulen (Johny): D1395	Oostelike Provinsie
14. Andries Stephanus Vermeulen (André): J1197	Griekwaland-Wes
13. Petrus Jacobus Vermeulen: J1174	SA Skole/ SA 0/19
12. Giliam Johannes Gerhardus Vermeulen (Gielie): D5711	SA Skole/WP 0/20/Vrystaat en Griekwaland-Wes
11. Marthinus Johannes Vermeulen: D5160	Namibië
10. George Fairbairn Carse Vermeulen: J1963	Paarl Boys High
9. Danie Craven: D4140	WP/Suid-Afrika
8. Giliam Christoffel Vermeulen (Chris): D2805	Valke: Cravenweek vir Hoërskole
7. Cornelius Willem Vermeulen (Neels): D2807	Transvaal: Cravenweek vir Hoërskole
6. Ruan Vermeulen: D6154	Blou Bulle
5. Giliam Christoffel Vermeulen (Gielie): D2802	Oos Transvaal/ Transvaal
4. Giliam Johannes Vermeulen (Gielie): D6346	SA Pioniers/ Tanganyika (Tanzania)/ Oos-Afrika
3. Daniel Fredrik Vermeulen (Danie): D5714	Griekwaland-Wes/ Dax(Frankryk)/Namibië
2. Matthys Christian Vermeulen (Thys): J2205	Stanford 1ste span
1. Pieter Jacobus Du Randt (Os): D1280	Vrystaat/Suid-Afrika
16. Giliam Christoffel Vermeulen (Gielie):D2803	Transvaal Cravenweek vir Hoërskole
17. Roelof Johannes Vermeulen: D2810	Vaaldriehoek: Craven-week vir Hoërskole
18. Denise Vermeulen gebore Pienaar: D6453	Blou Bulle(Verse)/ SA President XV/Suid-Afrika

Kaptein: Danie Craven (9)
O/Kaptein: Chris Vermeulen (8)

Skoppers: Johny Vermeulen (15)
Gielie Vermeulen (4)

E. ADVERTENSIES

E1. Die Meulenaars, Wyn, Glase en Geslagsregisters is steeds beskikbaar-verwys vorige uitgawes van die Meulenaar.

E2. Ons beskik nou ook oor nuwe bierbekers, koffiebekers, en borde (17.5cm deursnee). Dit is van wit keramiek met die Bondnaam en embleem in kleur. Dit is beslis die moeite werd om aan te koop. Die pryse word deur die Bond gesubsideer en bedra:

• Bierbeker R12.50 elk • Koffiebeker R10.00 elk • Borde R10.00 elk

Plaas u bestellings by:

Izak Vermeulen	Tel/Faks: 011-793 7271	*Sel: 082 921 0344
Johan Vermeulen	Tel.: 021 553 1885	
Anna Fourie	Tel.: 053 382 3425	*Sel: 084 553 9366
Johan Vermeulen	Tel.: 018 468 1473	*Sel: 083 627 0573

F. ALGEMEEN

Lede word asseblief versoek om:

i) Familie aan te moedig om ook lede van die Bond te word (slegs lede is geregtig om die Bondwapen te gebruik.
ii) Klein advertensies oor dienste wat uself/u bedryf aanbied in te stuur vir publikasie. Die diens is gratis. Bestuur behou die reg voor om die volume per uitgawe te beperk en om die advertensies te wysig/verkort.
iii) Enige interessantheid aangaande die Vermeulen familie in te stuur vir publikasie. (Bestuur sal weereens eie oordeel oor publikasie/ verkorting gebruik).
iv) Ons webruimte te besoek vir verdere inligting oor die Bond.
v) Voorstelle in te stuur oor onderwerpe, ens. vir oorweging deur bestuur.
vi) Ons te voorsien van foto's (afdrukke), familiebybels en ander gedenkwaardighede vir bewaring in die beoogde Vermeulen Museum en publikasie in die geslagsregister.
vii) Indien moontlik, streekbyeenkomste by te woon.
viii) Indien u bewus raak van 'n Vermeulen familiebyeenkoms wat beplan word, ons in kennis te stel.
ix) Ons te voorsien van die volgende ten opsigte van elke Vermeulen wat u pad kruis: • Volle name • Geboortedatums • Telefoonnommers • E-posadresse (indien beskikbaar).

Dit mag net wees dat dit nog een van die verlore skape is en dat ons hom/haar met sy/haar familie in ons geslagsregister kan opneem.

HARTLIKE VERMEULEN GROETE